# AFRIKANERNASIONALISME IN DIE SAKEWÊRELD: 'N VERENIGDE FRONT? DIE VERHOUDING TUSSEN AFRIKANERSAKEONDERNEMINGS IN DIE NOORDE EN IN DIE SUIDE, 1934-1950

**Grietjie Verhoef***

***Abstract***

*In this article the two different directions in which economic mobilisation in South Africa developed from the middle of 1930 to the end of 1940 are investigated. Attention is focused on the course of events from the establishment of Volkskas by Afrikaners in the north in 1934 to that of Trust Bank, with the Cape as basis, during the early 1950s. Studying business units and the business philosophy of the management of certain large enterprises, provides a much more nuanced view of businessmen and, with respect to Afrikaner concerns, of the varied nature of the thinking and orientation of Afrikaner businessmen, than ascribing differences merely to class clashes. This article highlights such nuances.*

_________________

Volgens O'Meara se persepsie is "Afrikanernasionalisme ... 'n monolities-politieke, sosiale en ideologiese verskynsel, en word [dit] as 'n hoogsontwikkelde sirkelgang verklaar, óf as produk van die kultuur self, óf as kollektiewe sielkunde uit die kultuur-vooruitbestemde groep, die 'Afrikanerdom'". Hy het hierdie voorstelling onoortuigend gevind, aangesien dit een of ander "relatiewe staties kollektiewe 'kultuur' of burgerlike godsdiens" sou veronderstel. Hy het verkies om Afrikanernasionalisme as "die histories spesifieke ... reaksie teen die druk van kapitalistiese ontwikkeling te vertolk".[1] Hy het beweer dat die stadsgevestigde kleinburgery van die Kaapse Afrikaners die alliansie/samewerking van die armer Afrikaners op die platteland nodig gehad het om hulle politieke oorwinning van 1924 te ondersteun. Verder het hy aangevoer dat die mobiliseringsrol van die Afrikaner Broederbond (AB) noodsaaklik was om die verdeeldheid onder die Afrikaners teen te werk ten einde die politieke mag te verseker. Soortgelyke sienings oor die verdeeldheid onder die Afrikaners is deur HB Thom[2] oorgedra, toe hy dr. Malan se bedanking as

* Departement van Historiese Studies, Universiteit van Johannesburg.

1 D O'Meara, "The Afrikaner Broederbond 1927-1948: class vanguard of Afrikaner nationalism", **Journal of Southern African Studies**, 3(2), 1977, pp. 156-84.

2 HB Thom: **DF Malan** (Tafelberg, Kaapstad, 1980), pp. 10-23.

predikant in die Nederduits Gereformeerde (NG) Kerk verklaar het as die gevolg van Malan se kommer oor die gebrek aan samehorigheid onder Afrikaners. Hierna is navorsing gefokus op die Nasionale Party, die rol van die AB en die mobilisasie van Afrikanernasionalisme deur middel van 'n aantal kultuurorganisasies en gedurende die 1938 Eeufeesvierings van die Groot Trek as bewys van die suksesvolle ontstaan van samewerking tussen die kleinburgery, arm boere en ander verarmde Afrikaners (proletariaat).

Sekere aspekte van verdeling tussen Afrikanersake is nog nie in diepte nagevors nie. Alte dikwels het die politieke proses om beheer oor die staat te kry en om dit te behou, navorsing oorheers. Wanneer daar gesoek word na die wortels van ontwikkeling in Suid-Afrika sedert die laat tagtigerjare van die twintigste eeu, word dit belangrik om na die nuanseverskille onder Afrikaners te kyk, bo en behalwe die politieke verskille oor republikanisme, imperialisme en ras.

Hierdie artikel ondersoek die verskille tussen die twee rigtings van die Afrikaner se ekonomiese mobilisasie in Suid-Afrika sedert die middel van 1930 tot die einde van 1940. Aandag word geskenk aan die verloop van sake vanaf die stigting van Volkskas in 1934 tot die vestiging van Trustbank in die vroeë vyftigerjare vanuit 'n Kaapse grondslag. Lipton beweer dat daar "geen eenvoudige verwantskap tussen ekonomiese en politieke mag in Suid-Afrika was nie".[3] Veral tydens die heftige debatte tussen die liberale en revisionisties/Marxistiese historici gedurende die sewentiger- en tagtigerjare, is die Suid-Afrikaanse geskiedenis dikwels onbuigsaam en simplisties vertolk in terme van klasverskille en -mobilisasie. O'Meara se werk oor die Afrikaner in die Suid-Afrikaanse ekonomie was tipies van die paradigmatiese slawerny van die tyd.[4] Dit is altyd eenvoudig om groepe saam te gooi in kategorieë soos klasse ten einde breë ontwikkelingstendense te verklaar. In die Suid-Afrikaanse geval was dit besonder nuttig om die diversiteit onder Afrikaners eenvoudig te negeer sodat apartheid en die politieke oorheersing van die Nasionale Party op daardie wyse vertolk kon word. Die studie van sake-eenhede en die sakefilosofie soos dit in sekere besighede manifesteer, verskaf 'n meer genuanseerde oorsig oor sakemanne, en, in die geval van Afrikanersake, van die uiteenlopende aard van Afrikaners se sakedenke en -orïentasie. Hierdie artikel ondersoek sodanige skakerings.

3 M Lipton: **Capitalism and Apartheid. South Africa, 1910-1986** (David Philip, Kaapstad, 1986), p. 9.

4 Kyk D O'Meara: **Volkskapitalisme. Class, capitalism and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948** (Cambridge University Press, Londen), 1983.

## 1. DIE ONTSTAAN VAN VOLKSKAS, 1934

Die verarming na die Anglo-Boereoorlog en die droogte en depressie van die vroeë dertigerjare, het 'n gevoel van gebrek en ontbering onder die voormalig onafhanklike Afrikanervolk in die noordelike dele van Suid-Afrika veroorsaak. Verskeie pogings is aangewend om die situasie te peil en aan te spreek. In 1916 het die NG Kerk die probleem aangaande die armoede onder sy lidmate bespreek en in 1927 het die Carnegie-korporasie van die VSA 'n bedrag van £4 000 aan die NG Kerk toegestaan om ondersoek in te stel na die armblankeprobleem in Suid-Afrika. 'n Verslag wat vyf volumes beslaan het, het onder meer die onvermoë van Afrikaners om by veranderde omstandighede aan te pas, as 'n oorsaak van verarming uitgespel. Behalwe die betrokkenheid van die kerk by die armoedekwessie, het Afrikaners in leierskapsposisies in die gemeenskap al hoe meer hulle stemme laat hoor aangaande die gedagte dat Afrikaners self moes optree. Reeds so vroeg soos in 1922 het Joseph Jacobus Bosman, 'n jongman wat tot standerd ses skoolgegaan het, en as winkelassistent gewerk en homself geleer het om boekhouding te bemeester, met die gedagte vorendag gekom om 'n bank tot stand te bring met Afrikaners se spaargeld. So 'n instelling, het Bosman gedink, kon die beginpunt wees om fondse te verskaf waarmee sakeondernemings van Afrikaners gefinansier kon word. Bosman het besef dat ondersteuning vir die beginsel, asook aanvangskapitaal, noodsaaklik was. Op 'n vergadering van 'n debatsvereniging in Johannesburg in 1922, het Bosman die totstandkoming van 'n bank deur die volk om Afrikaners se sakeondernemings te help finansier, voorgestel. Hy het die argument voorgehou dat eie sakeondernemings in die behoeftes van Afrikaners kon voorsien en sodoende sou kon verseker dat daardie wins tot die ekonomiese opheffing van Afrikaners sou kon bydra. 'n Bank sou 'n noodsaaklikheid vir selfbemagtiging wees, wat in wese op Afrikaners se eie spaargeneigdheid sou moes reken.[5] Dit het 'n verdere dertien jaar geduur voordat Bosman die leiers van die AB kon oortuig van die potensiaal en noodsaaklikheid vir die ontstaan van 'n bank om Afrikanerbesparing te mobiliseer.[6] Eers in 1928, toe die AB se Uitvoerende Raad ingelig is oor die diskriminasie teen een van sy lede in Ventersdorp wat 'n werknemer by Barclaysbank was, en die daaropvolgende ontwykende antwoord van die bankowerhede insake die kwessie van Afrikanerwerknemers se geleenthede om bevordering te kry, het die AB besluit om die stigting van 'n bank met 'Afrikaanse kapitaal'[7] te oorweeg. Die AB het erken dat die organisasie self ontoereikende kundigheid in dié verband gehad het. Daar is

5 Volkskasargiewe (VA). JJ Bosman: Ongepubliseerde referaat aangebied by die Johannesburgse Debatsvereniging, 1922.

6 Dit is nie die oogmerk van hierdie artikel om op die geskiedenis van die AB in te gaan nie. Vir 'n volledige geskiedenis van die AB, vgl. AN Pelzer, **Die Afrikaner Broederbond: eerste vyftig jaar** (Tafelberg, Kaapstad, 1979).

7 AB2/3/4 Uitvoerende Komitee-notule, 14 April 1928, 20 Oktober 1928, 8 Desember 1928, 23 Februarie 1929, AB2/3/3 Notule van Bondsraad, 25 en 26 Mei 1928.

dus min aan die saak gedoen tot 1931. Die AB se algemene oriëntering aangaande ekonomiese en finansiële sake word weerspieël in die feit dat die AB-lede besluit het dat Suid-Afrika nie die goudstandaard moes verlaat nie, dat 'n staatsbank gestig moes word en dat die toestaan van krediet beperk moes word.[8] Eers in Augustus 1933 het die AB 'n kommissie aangestel om die stigting van 'n bank te ondersoek.[9]

Volkskas is uiteindelik op 3 April 1934 gestig en op 9 Julie 1934 geregistreer. Die Raad van Direkteure was almal AB-lede.[10] Die instelling het begin as 'n koöperatiewe vereniging ingelyf ingevolge die Wet op Koöperatiewe Verenigings, nr. 22 van 1922.[11] Bosman is deur die AB gevra om die pos as bestuurder van Volkskas op te neem en sy salaris is deur AB-fondse, asook fondse afkomstig van die FAK, voorsien.[12] In die geregistreerde naam van die bank is na 'n "vereniging" verwys ten einde aan te toon dat die organisasie 'n bank sowel as 'n volkspaarbank was. Die instelling is eers in die veertigerjare tot 'n handelsbank verander nadat lede se aandelesubskripsies die bedrag van £30 000 bereik het. Die tesourie het toe die koöperatiewe vereniging versoek om na 'n handelsbank te verander, wat op 13 Julie 1940 plaasgevind het.[13]

Die sakefilosofie van Volkskas was nie net kapitalisties-winsgedrewe nie. Bosman (wat ook die tesourier van die AB was) het 'n skriftelike verslag aan die AB oor die totstandkoming van die bank gelewer. Hy het dit as 'n "uitsonderlike prestasie" bestempel en het AB-lede opgeroep om die onderneming te ondersteun. Die Uitvoerende Raad van die AB het vier van die eerste sewe direkteure van die bestuur van Volkskas aangewys.[14] Bosman het kritiek teen die AB, dat dit nie ekonomiese bemagtiging vir die Afrikaner bewerk het nie, verwerp. Die totstandkoming van Volkskas is as bewys voorgehou dat die AB gereageer het op die oproep om sy mense te dien. Bosman het onomwonde verklaar dat dit van elke AB-lid verwag word om Volkskasaandele te onderskryf.[15] Hoewel Bosman verwys het na die "suiwer sakebeginsels" onderliggend aan die werksaamhede van Volkskas, is 'n beroep op die AB-lede gedoen om Volkskas hul eie bank te maak. Die verantwoordelikheid is lede opgelê om te verseker dat elke Afrikaanse huishouding aandele in die organisasie opneem, wat daarop neerkom dat die nasionalistiese

8 AB3/3/11. Omsendbrief aan lede, 11/31/32 van 2 Maart 1932. Sekretarisverslag van die Uitvoerende Raad, 1931-1932.
9 AB2/3/6 Uitvoerende Raad Notule, 12 Augustus 1933.
10 AB2/3/6: Uitvoerende Raad Notule, 3 en 4 Augustus 1934.
11 VA. Statute van Inlywing, Volkskas Ko-operatiewe Vereniging, April 1934.
12 Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), wat bewys hoedat die bevordering van Afrikaanse Kultuur en die ekonomiese welsyn van die Afrikaner inmekaar gestrengel was.
13 Nasionale Argiewe (NA). Amptelike statistiek van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1935-1940; VA Jaarverslag, 1940.
14 VA. Volkskas-statute van Inlywing, Julie 1934.
15 VA. Verslag aan die Afrikaner Broederbond aangaande die vestiging van Volkskas, 14 April 1934.

ideologie gebruik is om die bank se sake te bedryf. Die AB het Volkskas beskou as hulle geesteskind en tot 1936 is elke werknemer van die bank in amptelike korrespondensie van die bank as "broer" aangespreek.[16] Die AB het ook lede versoek om by organisasies waarby hulle betrokke was, en onder hul werknemers, die oorskakeling na Volkskas te bepleit.[17]

Die organisasie is onbeskaamd as 'n nasionalistiese onderneming van stapel gestuur. Aangesien Volkskas 'n koöperatiewe vereniging was, was mense wat aandele gekoop het, "lede". Alleenlik diegene wat die vereniging se doelwitte onderskryf het, kon aansoek doen om aandele te koop en die Raad van Direkteure het aansoekers fyn gekeur voordat lidmaatskap toegestaan is. Alleenlik "lede" kon diwidende ontvang en lenings is alleenlik aan "lede" toegestaan.[18] Spaarrekenings is geopen, maar geen voorskotte is bloot op die bestaan van sulke rekenings toegestaan nie. Dit was 'n voordeel wat alleenlik aan "lede" toegestaan is. Volkskas het wel 'n rekening by die Nederlandse Bank in Pretoria geopen om sy sake te bedryf, maar wou nie 'n bestaande bankinrigting gebruik om Afrikaners op te voed en spaarsaamheid onder hulle te bevorder nie - dit moes alleenlik deur 'n Afrikaans-beheerde inrigting gedoen word. Hierdie benadering was suksesvol. Binne die eerste vyf jaar van sy bestaan het die opbetaalde aandelekapitaal die vereiste £30 000 merk bereik. Dit het verseker dat die inrigting se status tot dié van 'n volwaardige bank kon verander. Die totale voorskotte, lenings en diskonterings was teen 1940 reeds £346 000 (of R692 000) en die totale deposito's het op £519 000 (of R1 039 200) gestaan. Volkskas se deposito's het teen 'n saamgestelde jaarlikse groeikoers van 78,2% tussen 1935 en 1947 toegeneem, wat vinniger was as die toename in voorskotte (teen 73,5% saamgestelde groei).[19] Teen die einde van die veertigerjare het Volkskas die gesamentlike posisie van al die handelsbanke in Suid-Afrika verbygesteek: tussen 1945 en 1950 het sy bates met 24,7% saamgestelde groei per jaar toegeneem, terwyl die bates van al die handelsbanke net teen 11% saamgestelde groei toegeneem het.[20] Toe Volkskas as handelsbank kon registreer, is tjekrekenings vanaf 1 Maart 1941 aangebied.[21] Onmiddellik opvraagbare deposito's het toegeneem teen 'n koers van 142% saamgestelde groei per jaar tussen 1939 en 1947, vergeleke met 'n groeiprestasie van tussen 78% en 51,8% saamgestelde groei in ander deposito's van die bank.[22] Die aanbod van tjekfasiliteite het beteken dat 'n verrekeningsooreekoms met die ander handels banke aangegaan

16 AB2/3/8 Bondsraadnotule, 2 en 3 Oktober 1936.
17 AB2/3/10 Bondsraadnotule, 2 en 3 Oktober 1942.
18 VA. Volkskas-statute van inlywing, April 1934; VA. Volkskas Magte en verantwoordelikhede van die Raad van Direkteure, Julie 1934; VA. Volkskas Ko-operatiewe Bpk. Jaarverslag 1935.
19 VA. Amptelike Volkskasstatistiek, 1935-1948.
20 VA. Volkskas Jaarverslae, 1940-1950. Suid-Afrikaanse Reserwebank, **Kwartaallikse Bulletin van Statistiek, 1940-1950**.
21 NA. Registrateur van Banke: Brief Volkskas – Handelsbanke van Suid-Afrika, 3 Februarie 1941.
22 VA. Volkskas Jaarverslae, 1935-1950.

sou moes word.. Die ander banke in die land (Standardbank, Barclaysbank en Nederlandse Bank) is nadelig beïnvloed deur die kompetisie van Volkskas, aangesien laasgenoemde waardevolle verbintenisse in die platteland gevestig het tydens die koöperatiewe fase en die onmiddellik opvraagbare depositomark gemaklik kon betree sodra magtiging daartoe verleen is. Bestaande banke het uitermate hoë tariewe op die verrekening van Volkskas se tjeks gehef en Volkskas se toetrede tot die verrekeningshuis teengestaan. Die ander banke het beswaar gemaak teen die wyse waarop Volkskas sake gedoen het: onder meer dat Volkskas lenings aan nie-lede sou toestaan, dat die naam "bank" gebruik is en dat 'n "nasionalistiese" organisasie as handelsbank opgetree het.[23] Kort na die bekendmaking van die Bankwet van 1942, het Volkskas aan al die vereistes voldoen en is dit as handelsbank geregistreer. Volkskas kon nie langer uit die verrekeningshuis uitgesluit word nie. Dit was eers in Oktober 1947 dat die ander handelsbanke toegestem het om Volkskas te aanvaar.[24]

Volkskas se vertoning is aangeprys in die Afrikaanse gemeenskap. Ten spyte van die feit dat Volkskas nog klein was vergeleke met die twee imperiale banke, het sy mededingendheid gelê in sy groeivertoning en verwantskap met die Nasionale Party-regering na 1948. Teen die middel 1950 was Volkskas se bates net 10,3% van die bates van al die ander handelsbanke; sy totale voorskotte was 11,4% van dié van die handelsbanke saam en sy deposito's was net 9,9% van die totale deposito's van al die handelsbanke.[25] Volkskas was steeds die vierde grootste handelsbank, maar het 'n plek tussen die bankgenootskappe in Suid-Afrika bekom wat nooit as moontlik beskou is nie.

## 2. OPPOSISIE TEEN VOLKSKAS

Volkskas het nie die onvoorwaardelike ondersteuning van alle Afrikaners geniet nie. Eerstens het die uitgesproke Registrateur van Banke, dr. EHD Arndt, in 'n onderhoud 'n gebrek aan vertroue in Volkskas uitgespreek, veral in die bank se Algemene Bestuurder, die Raad van Direkteure en in die personeel. Hy het klem gelê op die gedrag van sekere Volkskas-kliënte wat nie die bank se sake bevorder het nie. Hy het voorgestel dat Bosman uit sy pos as Algemene Bestuurder moes bedank ten gunste van 'n ervare bankier - Bosman kon die Assistentbestuurder of Hoofrekenmeester wees; dat die bank "ander besigheid moet soek" en dat die

23 Nederlandse Bank-argiewe: JV/17:1. Konfidensiële Jaarverslag aan die Nederlandse Bank. Raad van Direkteure, Amsterdam, 1946/1947.

24 Eerste Nasionale Bank Argiewe: Barclays Bank se aanbevelingsbrief om Volkskas tot die Uitklaringshuis van handelsbanke in Suid-Afrika toe te laat, 12 September 1946; NA. Registrateur van Banke: Brief Hoofkassier SARB – Registrateur van Banke, 20 September 1947.

25 VA. Volkskas Amptelike Statistiek, 1950-1960; Suid-Afrikaanse Reserwebank, **Kwartaallikse Bulletin van Statistiek, 1950-1960**.

voorsitter van die Volkskas Raad, professor LJ du Plessis, en sommige van die direkteure ook moes bedank ten gunste van ervare sakemanne soos W van Wermeskerken, 'n direkteur van die Nederlandse Bank, Jan de Kock, voorsitter van die Magaliesberg Tabakkorporasie in Rustenburg, JG van der Horst van Ou Mutual of dr. MS Louw van SANLAM. Arndt het aangebied om die bank met tegniese raad te bedien, alleenlik indien Volkskas van plan was om banksake en alleenlik banksake te bedryf.[26] Arndt se standpunte was nie persoonlik nie, maar het die besware van die amptelike bankgemeenskap weerspieël - dit was teenkanting teen die gebrek aan professionalisme van amptenare en Raad van Direkteure, asook die professionele strategie wat gebruik is om banksake te bevorder. Elke alternatiewe direkteur wat deur Arndt voorgestel is, was 'n ervare en gerespekteerde sakeman. Die Registrateur van Banke het die wettigheid van 'n Afrikaanse bank of 'n Afrikaanse inrigting erken en daarom het hy direkteure uit die geledere van die Afrikaanse sakegemeenskap voorgestel. Dit was eers in Julie 1947 dat Volkskas as 'n handelsbank in terme van die Bankwet van 1942 geregistreer is. Kommer oor die basis waarop die bank sake bedryf, die nakoming van gesonde bankbeginsels en professionalisme het die kern van die teenkanting gevorm wat Volkskas van Afrikaanssprekende amptenare uit die Registrateur van Banke se kantoor, die Suid-Afrikaanse Reserwebank, asook die amptenare van die Tesourie ontvang het.[27]

Die tweede reeks "opposisie" of "huiwerige ondersteuning" wat Volkskas ervaar het, was van ander Afrikaanse sakeondernemings. In 1918 is die Suid-Afrkaanse Nasionale Lewensversekerings Assosiasie Maatskappy, of SANLAM, gestig as die eerste Afrikaanse lewensversekeringsmaatskappy. Bankrekenings vir SANLAM is by die Standard Bank van Suid-Afrika Bpk., die Nasionale Bankkorporasie en die Nederlandse Bank geopen. SANLAM het sy sake in noue samewerking met sy sustermaatskappy, SANTAM (Suid-Afrikaanse Trust- en Versekeringsmaatskappy), wat meer op versekeringsake gekonsentreer het, bedryf. SANTAM is ook in 1918 gestig en het kort daarna die African Homes Trust (AHT), 'n Kaapse nywerheidsversekeringsmaatskappy, gekoop. AHT het naas SANTAM gefunksioneer, maar het waardevolle toegang vir die nuwe Afrikaanse sake tot die Kaapse besigheid verskaf.[28] SANTAM het die dienste van die Algemene Bestuurder van die Engelsgeoriënteerde AHT, Alfred MacDowell, behou asook dié van die Ongevallebestuurder, Scott-Hayward. Hierdie twee persone het aktief in AHT gebly tot die laat twintigerjare toe hulle terug is Ierland toe, of hul eie ondernemings begin het.[29] Ander Engelssprekende werknemers van AHT het 'n

26 NA. Registrateur van Banke: Onderhoud EHD Arndt – dr. Stals en JJ Bosman, 9 September 1942.
27 NA. Departement van Finansies: Brief: Sekretaris van die Tesourie, Hoofteller van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en Registrateur van Ko-operatiewe Verenigings, 13 Julie 1940.
28 Sanlam Argiewe (SA). SANTAM Notule van Vergadering van Raad van Direkteure, Oktober 1918.
29 SA. SANTAM Notule van Vergadering van Raad van Direkteure, 1920-1922.

noue verwantskap met SANLAM behou. Geo Paterson, die AHT-aktuaris, het MS Louw (latere Besturende Direkteur) indiensopleiding by hom laat ondergaan totdat Louw na die Eerste Wêreldoorlog Skotland toe is om sy aktuariële studies te voltooi. Na voltooiing daarvan, het Louw teruggekeer Kaap toe, waar David Spence-Fraser van Skotland by SANLAM as aktuaris aangestel is. Louw is as hoof-klerk by SANLAM aangestel. Kort nadat Volkskas in 1934 gestig is, op 1 Januarie 1935, het SANLAM AHT as filiaalmaatskappy bekom.[30]

Dit is interessant om hier te meld dat die vooraanstaande SANTAM- en SANLAM-sakemanne nie deel was van die inisiatiewe om Volkskas te stig nie en ook nie stigtersaandeelhouers was nie. Ten spyte van feitlik twee dekades in die sakewêreld, het die Kaapse sakemanne nie ongekwalifiseerde steun aan die stigting van Volkskas verleen nie. Geeneen van die SANLAM-leiers was onder die eerste aandeelhouers in die nuwe koöperatiewe "waagstuk" nie. Die eerste 25 lede van Volkskas was almal AB-lede van aansien uit die noorde. Prof. AJH van der Walt van die Universiteit van Stellenbosch was die enigste uitsondering.[31] Die AB-lede wat in Pretoria byeengekom het om Volkskas in April 1934 te stig, het van Pretoria, die Witwatersrand, Heidelberg, Brits, Nylstroom, Amersfoort, Potchefstroom, Bloemfontein, Kimberley en Pietermaritzburg gekom.[32] SANLAM het teen die middel van die dertigerjare hul besigheid uitgebrei na die Transvaal toe uitgebreide ongeskiktheids-, wewenaars- en gesinsvoordele aan die Transvaalse Onderwysunie bemark is.[33] Terselfdertyd het SANLAM 'n gebou in Johannesburg gekoop wat die onderneming se teenwoordigheid in Transvaal gevestig het.[34] SANLAM het nietemin geen besondere poging aangewend om enige van sy banksake na Volkskas oor te skuif nie. Gedurende die eerste dekade en 'n half van Volkskas se bestaan (tot die einde van die veertigerjare) het die organisasie 57 takke gehad waarvan net 18 in die Kaapprovinsie voorgekom het. Die Kaapstadse tak van Volkskas is eers in Desember 1937 geopen, amper vier jaar na die stigting van die bank. Verder het die SANLAM-raad feitlik die stigting en groei van die bank geïgnoreer, want tussen 1934 en 1939 is geen melding van Volkskas in die notules van SANLAM gemaak nie.[35] In die loop van 1941, kort nadat Volkskas die status van 'n handelsbank bekom het, het SANLAM besluit om 'n depositorekening by die bank te open. Hierdie stap het bewys dat SANLAM erken het dat Volkskas 'n meganisme onder Afrikaners was waaruit die organisasie voordeel kon trek. 'n Depositorekening by Volkskas het nog 'n beleggingsgeleentheid aan SANLAM

30 SA. MS Louw – Persoonlike Dokumente, 1923.
31 VA. Lys van eerste 25 lede en ondertekenaars van die Volkskasstatute, 1934.
32 AB3/3/13 Omsendbrief van JJ Bosman aan AB-lede, 14 April 1934.
33 JP Scannel, **Uit die volk gebore. SANLAM se eerste vyftig jaar** (Nasionale Boekhandel, Kaapstad 1968), pp.34-5.
34 SA. Notule van Vergadering van Raad van Direkteure, 13 September 1933.
35 SA. Notule van Vergadering van SANLAM-raad, 1934-1939.

gebied, soortgelyk aan deposito's by ander banke waarmee hulle sake gedoen het. As pionier Afrikaanse onderneming, het SANLAM nóg stukrag aan die stigting van Volkskas verleen, nóg die bank se sake aktief probeer bevorder. Die stukrag het gekom van die noordelike AB-akademici - professor JC van Rooy, dr. LJ du Plessis en dr. JP van der Merwe, almal akademici van die Universiteit van Potchefstroom, wat van die eerste direkteure van Volkskas was. LJ du Plessis was 'n sterk voorstaander van die koöperatiewe idee in besigheid. Hy het, met die ondersteuning van die AB se Uitvoerende Raad, die koöperatiewe model in die sakewêreld aktief propageer. Hierdie voorkeur het later spanning in die AB tussen ondersteuners van die koöperatiewe model en diegene ten gunste van markgerigte entrepreneuriese ondernemings veroorsaak. Sedert 1945 het SANLAM meer rekeninge by Volkskas geopen, maar eers in die middel van die vyftigerjare, nadat dit as handelsbank geregistreer is, het Volkskas die voorkeurbank van SANLAM geword.[36]

## 3. DIE OPKOMS VAN AFRIKANERBESIGHEDE

Die verhouding tussen SANLAM en die opkomende Afrikanersakeondernemings gedurende die veertigerjare was steeds kompeterend van aard. Dit sou óf 'n AB-gedrewe inisiatief, aangespoor deur die nasionalisties-sosialistiese sentimente van leiers soos dr. N Diederichs en die pro-koöperatiewe LJ du Plessis wees, óf 'n kapitalistiese winsgedrewe inisiatief vanuit bestaande sakeondernemings van die Kaapse Afrikaanse sakemanne. In 1937 het MS Louw, die Besturende Direkteur van SANLAM, vorendag gekom met die idee om 'n finansieringsmaatskappy vir Afrikaanse besighede te stig. Louw het sy konsep vir 'n finansieringsmaatskappy aan die Raad van SANLAM in September 1938 voorgelê. Die idee was dat so 'n finansieringsmaatskappy krediet moes voorsien vir die stigting van Afrikanersake-ondernemings en -nywerhede. Die doel was om Afrikaners na die sakewêreld te lok, veral in die handel en nywerheid. Louw se konsep was 'n sakevoorstel: 'n meer omvattende benadering was nodig om Afrikaners by die totale Suid-Afrikaanse ekonomie te betrek, eerder as net by kleinhandelswinkels. Om die Afrikaner se toetrede tot die handel en nywerheid te vergemaklik, sou 'n landswye organisasie wat aanvangskapitaal aan nuwe ondernemings kon voorsien, nodig wees. As daar landswye steun vir so 'n onderneming bestaan het, en as daardie onderneming op gesonde sakebeginsels berus het, sou genoeg kapitaal byeengebring kon word om dit van stapel te stuur. Die kapitaal vir sodanige finansieringsmaatskappy moes verkry word deur die verkoop van aandele. Die maatskappy moes winsgedrewe wees en optimale kapitaalopbrengs aan die aandeelhouers waarborg, terwyl die primêre motief die bevordering van die Afrikaner in handel en nywerheid sou wees. SANLAM kon die verkoop van aandele bevorder en kundigheid en steun aan die

36 SA. Notule van Vergadering van SANLAM-beheer, 27 November 1941, 1 Maart 1945, 14 September 1955.

nuwe ondernemers gee. Die organisasie was nie in staat om self die kapitaal vir so 'n onderneming te voorsien nie, maar sou die insameling van spaargeld van belangstellendes, waarvan die meerderheid waarskynlik Afrikaners sou wees, behartig.[37] SANLAM het dadelik onderhandelinge aangeknoop om hierdie voorstel in werking te stel.

Teen die tweede helfte van 1938 was die inisiatief in verband met Afrikanersake vierkantig in die hande van die AB: die Groot Trek-eeufeesvierings het Afrikaners saamgesnoer en het die geleentheid aan die AB gebied om Afrikaners op te roep tot samewerking ten opsigte van ekonomiese bemagtiging van die Afrikaanse volk. Terwyl die Louw-voorstel aandag geniet het by SANLAM, het die AB 'n ekonomiese volkskongres van 3-5 Oktober 1939 in Bloemfontein beplan om te besin oor die ekonomiese welstand van die Afrikanervolk, waarvan na raming toe 300 000 as "armblankes" geklassifiseer kon word.[38] Die belangrikheid van die "volkskongres" was dat die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK, gestig deur die AB in 1929) juis toe voorgestel het dat die tyd ryp was om 'n ekonomiese kongres te reël. Die AB se Bondsraad het aan sy Uitvoerende Raad opdrag gegee om so 'n kongres deur die FAK te reël. 'n Organiserende komitee is hierop aangestel, bestaande uit LJ du Plessis, PJ Meyer, IM Lombard, HF Verwoerd, A Hertzog, JC van Rooy, TE Dönges, JJ Bosman, AJ Stals en MS Louw van SANLAM.[39] O'Meara beweer dat hierdie inisiatief die gevolg van AB-beplanning was, aangesien Louw ook 'n AB-lid was. Hy is egter nie seker of Louw lank 'n lid van die AB was nie, maar sluit nie die moontlikheid uit dat Louw eers 'n lid geword het nadat die beweging om 'n finansieringsmaatskappy te stig, deur die volkskongres aanvaar is nie.[40] AB-lidmaatskap het nie sonder meer eenstemmigheid oor sakestrategie en -praktyk beteken nie. O'Meara se standpunt is egter irrelevant vir die eintlike saak waaroor dit gaan: die kern van die verskil tussen die benadering tot sake doen soos wat Louw dit gesien het en soos wat dit deur die koöperatiewe beweging gesien is. Dit kan nie ontken word dat Afrikaanse sakemanne van die suide ook nasionalisties was nie, maar hulle benadering tot besigheid was die onderskeidende faktor. Dis té simplisties om alle AB-lede saam te hok en dan te argumenteer dat daar 'n monolitiese benadering tot ekonomiese bemagtiging was.

37 SA. MS Louw – Persoonlike dokumente: Memorandum oor die stigting van 'n finansieringsmaatskappy, 20 September 1938.

38 Kyk bv. LJ du Plessis, **'n Volk staan op. Die Ekonomiese Volkskongres en daarna** (Human en Rousseau, Kaapstad, 1964), pp. 97-133.

39 **Ibid**; AB2/3/9 Bondsraadnotule, 4-6 Oktober 1938; AB 2/3/9 Uitvoerende Raad Notule, 29 Oktober 1938.

40 O'Meara, **Volkskapitalisme...**, pp. 101-16, 262 n.3.

Die Ekonomiese Volkskongres het besluit om die Reddingsdaadbond (RDB) te stig om geld in te samel vir Afrikaanse ondernemings. Binne die eerste jare van die RDB se bestaan is meer as £15 miljoen vir Afrikaanse sakeondernemings ingesamel.[41] MS Louw het die organiseerders van die kongres vooraf by 'n vergadering op 10 Februarie 1939 in Johannesburg in kennis gestel van sy idee om 'n nywerheidsfinansieringsmaatskappy te stig. Hy het die opdrag ontvang om saam met dr. Eben Dönges en professor CGW Schumann (almal Kapenaars) die bal aan die rol te sit om die beginsel van 'n finansieringsmaatskappy in werking te stel. Die enigste voorbehoud was dat Afrikaanse beheer oor so 'n maatskappy gewaarborg moes word.[42] Soos deur O'Meara erken, het die AB-leiers van die Noorde nie oor die ervaring of kapitaal beskik om uiting te gee aan die grootse Afrikaanse ideale vir ekonomiese selfstandigheid nie.[43] Die suidelike inisiatief was gereed met hulle sakevoorstelle en het vir die AB-leiers gewag om dit te implementeer. SANLAM het ook nie oor genoeg kapitaal beskik om alleen voort te gaan met die vestiging van die finansieringsmaatskappy nie, maar het besef dat Afrikaners se spaargeld vir daardie doel gemobiliseer kon word.

Die ontwikkeling van 'n finansieringsmaatskappy was om twee redes betekenisvol: eerstens het Volkskas nie 'n finansieringsmeganisme gebied vir groeiende ondernemings nie. Ten spyte van die feit dat Volkskas op die punt was om as handelsbank te registreer, het Louw en sy kollegas oortuig gebly dat alternatiewe befondsing nodig was. By die volkskongres het Bosman van Volkskas versigtig die vergelyking getref tussen die koöperatiewe beweging as een wat ingestel is om die gemeenskap te "dien", teenoor die kapitalistiese beweging wat gemik sou wees op "winsbejag". Bosman het verklaar dat die voordele van die koöperatiewe benadering was dat daar geen beperking op kapitaal was nie, wat beteken het dat lede kon aansluit wanneer dit hulle gepas het en kon bedank soos hulle wou. Verder sluit die koöperatiewe benadering die ergste kwaad van kapitalisme uit, naamlik die uitbuiting van die verbruiker. Dit bied die enigste demokratiese stelsel in besigheid - al die ander is onderhewig aan outokrasie. Die koöperatiewe stelsel is voorgehou as die enigste Christelik-nasionale ekonomiese stelsel - dit neem nie van die een om aan die ander te gee nie, maar plaas homself in diens van die verbruiker en dus die welvaart van die volk.[44] Hierdie siening het in skerp teenstelling met die benadering van Louw en ander ekonomiese leiers van die suide gestaan.

Die Afrikaanse sakeleiers van die suide het 'n ernstige tekortkoming geïdentifiseer in die funksionering van bestaande finansieringsmaatskappye wat toeganklik vir

---

41 Pelzer.
42 SA. Memorandum deur MS Louw aan SANLAM Raad van Direkteure, 20 April 1939.
43 O'Meara: "**The Afrikaner-Broederbond...**, p.188.
44 JJ Bosman, "Die ko-operatiewe winkel", in **Referate, besluite en presensielys: Ekonomiese Volkskongres, Bloemfontein, 3, 4 en 5 Oktober 1939** (FAK, Johannesburg, 1939), p. 101.

Afrikaners was - daardie organisasies het nie op gesonde sakebeginsels wat langtermyn sukses sou waarborg, berus nie. Verder was te min krediet beskikbaar vir nuwe ondernemings. In sy toespraak voor die volkskongres het Louw dit benadruk dat die enigste geleentheid tot suksesvolle ekonomiese bemagtiging geleë was in die kapitalistiese stelsel self. Hy het die finansieringshuise van die Suid-Afrikaanse mynbedryf voorgehou as die beste voorbeeld van deskundige finansieringsinstellings wat ingestel was op die vooruitgang van die mynbedryf. Dit kon as model dien vir die ontwikkeling van die handel en nywerheid. Louw het toe na die volgende voorbeeld verwys van 'n Afrikaanse kleinhandelaar wat daarin belanggestel het om 'n bekende groothandelaar wat te koop aangebied is, te koop. Die belangstellende koper moes sy plan laat vaar, omdat hy nie die kapitaal kon vind om die transaksie te finansier nie. Die finansier wat genader is, het ook nie oor genoeg kapitaal beskik nie, en veral nie oor voldoende bedryfskennis om die transaksie na waarde te skat nie.[45] Louw se bewerings was gebaseer op die feit dat finansiële instellings waartoe Afrikaanse sakelui toegang gehad het, in daardie stadium nie oor die toepaslike deskundige kennis beskik het om soortgelyke aanbiedinge te beoordeel nie. Hy was van mening dat wanneer bestaande finansieringsmaatskappye nie in staat was om nuwe transaksies te finansier nie, hulle ook nie oor die kundigheid beskik het om elders kapitaal te bekom nie. Dit was 'n duidelike verwysing na die koöperatiewe beweging en Volkskas. (Dit moet ook onthou word dat SANLAM nog nie teen 1939 sy bankrekening na Volkskas verskuif het nie.) Louw het verklaar dat Afrikanerkapitaal eers suksesvol gemobiliseer sou kon word vir die verkryging van en beheer oor sakeondernemings indien die transaksie "veilig" was, d.w.s 'n goeie besigheidsbesluit verteenwoordig en 'n goeie opbrengs op die belegging verseker het. Die koöperatiewe beweging, het hy gesê, is nie sterk genoeg om risiko's te evalueer en dus so 'n rol te vervul nie.[46]

'n Tweede belangrike aspek van die saak was dat die sakekonsep vir 'n finansieringshuis reeds deur die suidelike sakelui uitgewerk is voor die kongres in Bloemfontein. Die konsep was 'n sakevoorstel gebaseer op die winsmotief, deur die verkoop van aandele om deelname aan te moedig. Waar die RDB daarop staatgemaak het dat Afrikaners tot die ekonomiese opheffing van hulle mense "bydraes" sou lewer, het Louw se voorstel op die beginsel berus dat opbrengs op beleggings (die idee om 'n risiko met 'n kapitaalbelegging in 'n nuwe onderneming te neem) as fondament vir bemagtiging moes dien. Die amptelike historikus van die AB het erken dat daar duidelik spanning bestaan het tussen die "volksentiment" wat om die gevoel van 'n algemene ideaal in die AB gewentel het en diegene wat besef

45 MS Louw, "Die aanwending van die kapitaalkrag van die Afrikaner" in **Referate, besluite en presensielys: Ekonomiese Volkskongres, Bloemfontein, 3, 4 en 5 Oktober 1939** (FAK, Johannesburg, 1939), pp. 63-4.

46 **Ibid**., p. 71.

het dat markgerigtheid en indiwiduele inisiatief die fondament vir die vryemarkstelsel lê.[47] MS Louw se denkrigting is deur die leiers vanuit die suide beaam: Professor CGW Schumann, 'n ekonoom van die Universiteit van Stellenbosch, het die snelgroeiende industrialisasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie benadruk, wat hy as 'n uitdaging vir die oorlewing van die Afrikaanse volk vertolk het. Hy het die landbougeoriënteerde Afrikaners aangemoedig om hulle risiko's te verbreed deur hul reserwes buite die landbousektor, waaronder die nywerhede, te belê.[48] Schumann het die beginsel gesteun dat Afrikaners die verantwoordelikheid vir die ekonomiese toekoms van hulle eie mense moes aanvaar, nie alleen deur werkverskaffing nie, maar ook deur sakeontwikkeling, wat op die ou end 'n vermenigvuldigingseffek in die ekonomie sou verseker. Van besondere belang was Schumann se verwysing na die omgewing waarin die Afrikaners hulle bevind het: "ware eenheid" onder die mense ("volkseenheid"), soortgelyk aan dit wat onder die Duitsers in Duitsland of die Hollanders in die Nederlande bestaan het, was eenvoudig ondenkbaar in Suid-Afrika. "Ons belangrikste probleem is steeds die vreedsame, opheffende saambestaan en samewerking van al die elemente van ons gemeenskap wat tot dusver verdeel word deur taal, tradisie en rasseverskille." Uit daardie perspektief was Schumann van mening dat die oplossing van die armblankevraagstuk nie daaruit bestaan het dat armoede uitgewis moes word nie, maar eerder om die "sterkes verder te versterk". Die bemagtiging van die gesonde deel van die gemeenskap (Afrikaners onafhanklik van welsyn) sou in alle Suid-Afrikaners se belang wees. Die model wat dus deur Schumann voorgehou is, was nie alleenlik op die uitwissing van armoede onder Afrikaners gerig nie, maar op gesonde ekonomiese ontwikkeling deur die uitbreiding van privaatondernemings, moontlik eerste onder die Afrikaners, maar gewis in die groter gemeenskap.[49]

Die ontstaan van Federale Volksbeleggings (FVB) in 1940 was die gevolg van die visie van en beplanning deur Afrikaanse sakemanne in die suide. Ná die vergadering in April 1939 het die beplanningskomitee dit aan 'n finansieringskomitee van SANTAM opgedra om verantwoordelikheid vir die stigting van 'n finansieringsmaatskappy te aanvaar. Louw het duidelike voorstelle aan die volkskongres gemaak oor die doel, bevoegdhede, kapitaal, direkteure en stemreg van so 'n maatskappy. Die voorstelle is deur die kongres aanvaar en die FVB is in Augustus 1940 met uitgereikte kapitaal van £20 910 gestig. Die kapitaal is deur SANLAM-verteenwoordigers ingesamel. Dit was 'n groot taak, aangesien kopers gewoonlik net belanggestel het om tussen 10 en 20 aandele te koop. Toe aandeelverkope in Augustus 1940 gestaak is, was daar 900 aandeelhouers. SANLAM was 'n groot aandeelhouer en het dwarsdeur die geskiedenis van die

47 ELP Stals: **Die Geskiedenis van die Afrikaner Broederbond** (Johannesburg, 1998), p. 216.
48 MS Louw, "Die aanwending van die Kapitaalkrag ...", pp. 50-2.
49 **Ibid**., p. 41.

FVB 'n dominante aandeelhouer gebly.[50] Die meerderheid FVB-aandele is deur Afrikaners uit die Kaap opgeneem - WJ Delport, die Wes-Kaapse bestuurder van SANLAM, was daarvoor verantwoordelik.[51] Die FVB-strategie was 'n verlengstuk van die SANLAM-sakestrategie. Gedurende die dertigerjare het Suid-Afrika snelle nywerheidsontwikkeling geniet en die oorlog het die vraag na nywerheidsproduksie versterk. FVB is as 'n nywerheidsbeleggingsmaatskappy gestig om kapitaal te werf by diegene wat in die verlede beperkte belangstelling in risiko's en gewone aandelebeleggings getoon het. FVB sou nie self enige sake doen nie, maar sou Afrikanerhandels- en nywerheidsondernemings help oprig en ondersteun en as bestuursmaatskappy vir Afrikanersake- en nywerheidsbelange optree. SANLAM, as hoofaandeelhouer, het die Voorsitter van die Raad van Direkteure, dr. CR Louw (Besturende Direkteur van Bonuskor, die beleggingsmaatskappy van SANLAM se polisbonusse) en die Algemene Bestuurder/rekenmeester/sekretaris, dr. CH Brink, 'n SANLAM-werknemer, aangestel.[52] Die belangrikste bydrae van FVB via die bemiddeling van SANLAM, was die stigting van 'n privaatmaatskappy deur die verkoop van gewone aandele aan 'n gedeelte van die samelewing wat voorheen nie aan daardie soort risikobeleggings deelgeneem het nie. Die uitsluitlike doel van FVB was om wins te genereer, wat op sy beurt weer die opbrengs op spaarfondse sou vergroot. Dit sou die verwesenliking van ekonomiese bemagtiging uit eie bronne wees. Naas die ontwikkeling en uitbreiding van Afrikaners se klein ondernemings, het FVB ook indirek die indiensneming van Afrikaners in die nywerheidsektor verhoog deur die groei van Afrikanersakeondernemings. Die aanvanklike strategie was om beleggingsfondse aan Afrikanersake te verskaf deur die opneem van aandele in klein of nuwe maatskappye. FVB het hom daarvan weerhou om meerderheidsaandele op te neem of om die bestuur van maatskappye waarin hulle aandele gehad het, oor te neem. Sukses van sodanige ondernemings het die opbrengs op FVB se aandeelhouersfondse bepaal. Hierdie benadering het die klem geplaas op die verantwoordelikheid en vertroue wat in die ondernemer gestel word, eerder as op die beginsel van onvoorwaardelike steun vir ondernemings slegs omdat dit aan Afrikaners behoort het.[53]

## 4. PRIVAATONDERNEMINGS IN 'N KAPITALISTIESE EKONOMIE OF DIE RDB SE KOÖPERATIEWE STRATEGIE

Gedurende die veertigerjare het SANLAM se sakedryfkrag die rigting van FVB bepaal. Die moeisame pad was die verskil tussen nasionalistiesgerigte ondernemings en die ondernemings wat gewoon goeie sake bedryf het. Dis nie die doel

50 FVB-argief. CH Brink-argief: FVB Jaarverslag 1943.
51 FVB-argief. CH Brink – persoonlike korrespondensie, Augustus 1941.
52 **Ibid**.
53 FVB-argief. CH Brink – persoonlike dokumente: Federale Volksbeleggings Strategie en Oogmerke, September 1940.

om vorige studies te herhaal wat gehandel het oor die ontwikkeling van FVB tot 'n gediversifiseerde konglomeraat met aandeelhouding in feitlik al die sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomie nie.[54] Die belangrikheid lê daarin dat twee strategieë gevolg is om Afrikaners se toetrede tot die hoofstroomekonomie te bewerkstellig: 'n finansieringshuis is vir sakeontwikkeling opgerig en die RDB het tot stand gekom. O'Meara het die verdeling tussen Afrikaners uit die suide en die AB-gerigte Afrikaners in die noorde afgemaak as 'n klasseverskil, maar hy het nagelaat om die fundamentele verskil in die benadering tot besigheid te ontleed. Dit is meer betekenisvol. Indien die dinamiese dryfkrag in die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die veertigerjare van naderby ondersoek word, word dit duidelik dat die oorwegende koöperatiewe onderbou van die sakegemeenskap in die noorde sistematies besig was om te verander deur die invloed van die kapitalistiese winsgedrewe besigheidsfilosofie van sakemanne uit die suide.

Die RDB was grootliks verantwoordelik vir die grootskaalse mobilisering van Afrikanerspaargeld. Die Ekonomiese Instituut van die FAK het verantwoordelikheid aanvaar vir die stigting en funksionering van die RDB. Die RDB se taak was om die ekonomiese bewussyn van die Afrikaner in te span om eie sakeondernemings te besit. 'n Deel van die fondse wat as kapitaal vir die RDB ingesamel is, sou in FVB-voorkeuraandele belê word, asook 'n deel in gewone FVB-aandele. Die res is gebruik om verbruiksverenigings te organiseer, om sakeopleiding aan Afrikaners te gee, om ekonomiese navorsing te bevorder, om Afrikanerarbeid te ontwikkel en om laasgenoemde deel te maak van die Afrikaanse volkslewe (kultuursake), om ontspanningsaktiwiteite vir Afrikaners te organiseer en enige ander sake met betrekking tot ekonomiese selfstandigheid van die Afrikaners te behartig.[55] Die RDB het die noordelike koöperatiewe benadering verteenwoordig. Dit moes Afrikanerspaargeld mobiliseer om 'n fonds op te bou vir die breë ekonomiese mobilisasiestrategie. Die RDB het tussen 1940 en 1950 meer as £183 miljoen ingesamel vir sy doeleindes, maar werksaamhede het teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog tot 'n einde gekom. Die verslag wat by die Tweede Ekonomiese Volkskongres gedien het, het vertel dat die RDB ongeveer £54 miljoen in aandele in Afrikanersakeondernemings belê het, £18 miljoen in studielenings, £36 miljoen in die FVB en £45 miljoen bestee het aan sy eie sake, die FAK se liefdadigheidsorganisasies en verskeie Afrikaanse organisasies. Een prestasie van die RDB was die bewusmaking van Afrikaners dat hulle Afrikaners se besighede moes ondersteun. Die eintlike impak van die RDB was eerder kultureel en opvoedkundig van aard deurdat Afrikaanse studente aangemoedig is om in die handel en

---

54 Vgl. G Verhoef: "The development of diversified conglomerates: Federale Volksbeleggings: a case study", **Journal for Contemporary History** 24(2), 1999, pp. 55-78.

55 Du Plessis, p. 132; FAK Ekonomiese Instituut en die AHI, **Verslag van die Tweede Ekonomiese Volkskongres (1950)**, Bloemfontein, Oktober 1950, p. 160.

bestuurswetenskappe te studeer. Die oogmerk om Afrikaners ekonomies te bemagtig deur die werksaamhede van die RDB, was nie suksesvol nie. Die RDB het wel steun vir Afrikanerbelange bewerkstellig, asook vir vroueorganisasies, 'n gesondheidsonderneming, verhoogde werkerdeelname en kleinhandelsondememings en hulp om 'n nasionale koopkrag te skep.[56] Geeneen van hierdie organisasies het egter die daadwerklike Afrikanertoetrede tot die handel en nywerheid, d.w.s. die hoofstroom van die ekonomie, bewerkstellig nie. O'Meara beweer dat die RDB definitief daarin geslaag het om die "algemene ondersteuning vir die ekonomiese beweging" by die massas aan te wakker,[57] maar insgelyks moet daarop gewys word dat dit ook die mislukking van die koöperatiewe beweging en die nasionalistiese sentiment in besigheid verteenwoordig. Teen 1950 het die RDB ophou funksioneer, maar eers in 1957 is die bates daarvan na die FAK se Ekonomiese Instituut oorgeplaas. Die enigste daadwerklike volgehoue bevordering van Afrikanerbesigheid was deur FVB.

Die fundamentele verskil tussen die RDB en FVB lê in die benadering tot ekonomiese bemagtiging: die RDB het 'n oproep tot Afrikaners gemaak om by 'n beweging aan te sluit en om inskrywingsfooie te betaal wat aangewend sou word vir Afrikaners se ekonomiese ontwikkeling. Die oproep was in wese 'n appél op die welsynsgevoel van mede-Afrikaners. Die teenoorgestelde benadering van die Afrikaanse sakemanne uit die suide was om die kapitalistiese ondernemingsgees en privaatondernemerskap as hoekstene van ekonomiese sukses te beklemtoon. Die interpretasie dat die RDB "'n massa alliansie van georganiseerde klassemagte saamgesmee het", wat dan uiteindelik deur die Herenigde Nasionale Party (HNP) in 1947/1948 polities georganiseer is,[58] is 'n ideologies-geforseerde interpretasie. Dit neem nie die fundamentele verskil tussen die sakestrategie of benadering tot besigheid deur Afrikaanse sakemanne in die suide teenoor dié in die noorde gedurende die tydvak onder bespreking in ag nie. Die feit dat Afrikaners almal besorg was oor hulle aandeel in die Suid-Afrikaanse ekonomie, en die feit dat almal Afrikaans gepraat het en dieselfde kultuur, geskiedenis en politieke aspirasies gehad het, het nie noodwendig beteken dat hulle eenstemmig met betrekking tot die onderliggende sakefilosofie was nie.

Gedurende die eerste twee dekades van die bestaan van FVB, het sy bates gegroei van £145 000 tot £7,5 miljoen, en teen 1970 het FVB se bates, teen boekwaarde, op R48,5 miljoen gestaan. FVB het in 1940 begin met 'n kapitaal van £2 000 en het 'n verlies van £13 900 in die eerste finansiële jaar getoon. Teen 1970 het FVB se

56 **Ibid**. pp. 160-9; H Giliomee: **The Afrikaners, biography of a people** (Tafelberg, 2003), p. 439.
57 O'Meara, **Volkskapitalisme...**," p. 142.
58 **Ibid**. pp. 142-3.

opbetaalde kapitaal op R26 miljoen gestaan, met 'n wins van R2,5 miljoen.[59] Die prestasie van FVB het die sukses van die onderliggende sakefilosofie benadruk: privaat aandeelbesit verseker optimale opbrengs en kan op die lang termyn standhoudende toegang tot beleggingskapitaal verseker. Die FVB-strategie was om Afrikaners se opgehoopte kapitaal in belowende ondernemings te belê, wat later ook Afrikanerbeheerde ondernemings sou kon insluit. Op die manier kon kapitaalgroei bewerkstellig word asook voortgesette Afrikanerbetrokkenheid in besigheid. FVB het nie beheer oor daardie maatskappye waarin aandele opgeneem is, oorgeneem nie en het eers teen die sewentigerjare besluit om beleggings te konsolideer. FVB het op diwidenduitbetalings as 'n bron van inkomste staatgemaak, wat dan weer as diwidende uitbetaal is aan FVB-aandeelhouers. In teenstelling met die RDB-model om inskrywingsgeld te werf om welsynswerk onder Afrikaners te doen, het FVB die kapitaal/spaargeld aangewend deur risiko's te neem en te belê in die belang van sy aandeelhouers. Teen die vroeë sewentigerjare was FVB se aandeelhouers nie meer uitsluitlik Afrikaners nie, maar het 'n 60/40 verhouding van Afrikaners tot ander beleggers vertoon.[60] Die eerste algemene bestuurder van FVB, CH Brink, is deur William Bedford Coetzer ('n geoktrooieerde rekenmeester) in 1944 vervang, omdat Brink te simpatiek was teenoor die minder winsgewende ondernemings. Coetzer was die dryfveer agter die toetrede van FVB tot groot besigheid, wat die mynbedryf en industriële ondernemings ingesluit het.[61] Dit was in hierdie vroeë ontwikkelingstadium van FVB dat die fundamentele denkverskille in die benadering tot besigheid tussen Afrikaners in die suide en Afrikaners in die noorde duidelik geword het: die suksesvolle sakeondernemings het berus op gesonde finansiële en sakeoorwegings. Daarom is mense soos Coetzer aangestel. FVB het besef dat die droom om 'n volgehoue stroom kontant uit die hoogs onwaarskynlike oord, naamlik die platteland, te bekom om nywerhede te vestig wat in staat sou wees om die ekonomie daadwerklik te laat groei, drastiese hersiening benodig het. FVB het FLAM (Federale Lenings- en Assuransiemaatskappy) gestig as sy enigste filiaalmaatskappy, om kapitaal te genereer deur middel van die verkoop van skuldbriewe. Teen 1970 het FLAM uitstaande verpligtinge (skuldbriewe wat aan die publiek verkoop is) van R12 miljoen besit. Die bates van R15,2 miljoen in 1970 het bestaan uit lenings aan groepsmaatskappye en FVB se aandeelportefeulje. Die werksaamhede van FLAM het die aard van FVB se sakestrategie vertoon, naamlik om sy kapitaalbasis te verstewig deur bykomende fondse van die publiek te bekom deur die uitreiking van skuldbriewe, wat dan weer gebruik kon word om verdere transaksies aan te gaan. FVB het dus gou verder ontwikkel as die aanvanklike idee om Afrikaners in die sakewêreld in te bring. Dit het die agent geword waardeur 'n strategie ontplooi is om die Suid-Afrikaanse ekonomie as

59 FVB-argief. FVB Jaarverslag 1970.
60 **Financial Mail,** "FVB. Men, money, management", 19 Junie 1970, p. 9.
61 Kyk Verhoef, p. 59.

geheel te ontwikkel. Die gevolg was die diversifisering van FVB na ondernemings in die mynbou en bankwese.

FVB se sakeondernemings het hul onderskei van enige inisiatiewe van die AB om Afrikaners in die hoofstroom van die Suid-Afrikaanse ekonomie te vestig. Ten spyte van die nasionalistiese klimaat waarin FVB ontstaan het, verskaf die fundamentele verskil in die sakebenadering van die Afrikanersakelui uit die suide 'n waardevolle perspektief om die veertigerjare te herwaardeer. Die spanning tussen die benadering tot besigheid tussen AB-lede is op die spits gedryf deur Dönges toe hy in 1945 by 'n Bondsraadvergadering gewaarsku het dat die Afrikaner se ekonomiese vooruitgang in gedrang gebring kon word deur die konstante getwis tussen die maatskappye met aandelekapitaal en die koöperatiewe ondernemings. Een vooraanstaande universiteitsprofessor het by dieselfde vergadering sakeondernemings van Johannesburg afgemaak as minder ordelik en riskant, teenoor die omsigtige en konserwatiewe benadering tot besigheid in die Kaap.[62] 'n Ander vooraanstaande Afrikanersakeman, wat sy loopbaan in Johannesburg begin het maar kort daarna Kaap toe verskuif het, het spesifiek sy verbasing uitgespreek teenoor soveel wantroue en agterdog in die Kaap wat hy waargeneem het teenoor enigiets afkomstig uit die noorde.[63] Hierdie kwessie het die AB daartoe beweeg om 'n vergadering tussen 3 en 5 Desember 1946 in Kaapstad te belê om die vraagstuk oor die verwantskap tussen die Afrikaanse sakewêreld, die breë Afrikaanse gemeenskap, ander Afrikaanse sakeondernemings, ander Engelse sakeondernemings en kapitalisme oor die algemeen te bespreek.[64] Tydens daardie vergadering het Diederichs die Afrikaanse sakewêreld verkwalik dat hulle 'n onwilligheid vertoon het om hulle met die Afrikaner-"volksaak" te assosieer. MS Louw was nie ad idem nie: volgens hom het Afrikaanse besigheid juis die ideale deur die Afrikaanse kultuurorganisasies, soos die FAK, sy Ekonomiese Instituut en die AHI (Afrikaanse Handelsinstituut) verteenwoordig. Ernstige debatte oor die aanvaarbaarheid van kapitalisme het gevolg. Dönges het gewaarsku dat die uitbuiting van kapitalisme vermy moes word, maar dat die dryfveer van ondernemerskap, risiko en wins, steeds 'n belangrike motivering vir ekonomiese bemagtiging gebly het.[65] Die verskille tussen die twee besigheidsbenadering is getemper deur ander besprekings wat gevolg het oor finansiële steun vir nie-Afrikaanse sake en opleiding vir Afrikanersakemanne. Die belangrikheid van die vergadering was dat die AB by sy lede aanbeveel het om die benaderingsverskil tot besigheid te aanvaar.

62 AB2/3/11 Bondsraadnotule, 27 September 1945. Ongelukkig mag die name van die betrokke persone nie hier vermeld word nie. Dit is die voorwaarde waarop ek toegelaat is om die dokumente van die AB te raadpleeg.

63 **Ibid**.

64 AB 2/3/12 Bondsraadnotule, 3-5 Desember 1946.

65 AB2/3/13 Uitvoerende Raad-notule, 22-23 Januarie 1947, met Byvoegsel Notule van vergadering van Afrikaanse Sakemanne, Groote Kerk, Kaapstad, 3-5 Desember 1946.

Die AB het aangevoel dat dit 'n bemiddelingsrol moes vervul tussen die twee sakebenaderings en daarom is besluit om soortgelyke besprekings in die toekoms te reël om lede aan te moedig om Afrikaanse sake- en beroepslui asook Afrikaanse kultuurorganisasies te ondersteun.[66]

## 5. SAMEVATTING

Dit is te simplisties om Afrikanernasionalisme van die dertiger- en veertigerjare te vertolk as **dié** verklaring vir die magsposisie van Afrikaners in Suid-Afrika teen die einde van die veertigerjare. Hierdie studie toon aan dat nader ondersoek na die aard van die ontwikkelende Afrikaanse sakebenadering gedurende die veertigerjare fundamentele strategiese verskille openbaar wat dikwels misgekyk word wanneer die fokuspunt van die ondersoek nie spesifiek die onderliggende benadering tot besigheid is nie.

Die sakestrategie van die Afrikaanse sakemanne vanuit die suide gedurende die veertigerjare verleen waardevolle perspektiewe op die teenswoordige ontwikkeling in Suid-Afrika. Die eerste aangeleentheid om in ag te neem, is die noue assosiasie met die Engelssprekende sakewêreld (AHT - vgl. 2 hierbo) deur SANLAM om sy eie sakebelange te bevorder. Dit dui op die besigheidsgedrewe motivering van die Afrikaanse sakemanne in die suide teen 1918 (toe die AB in die noorde gestig is). Die assosiasie met die Engelse sakelui was aanvaarbaar, omdat dit die opkomende Afrikaanse besigheid bevorder het. Afrikaanse sakemanne uit die suide het gesonde verhoudings met mede-Kapenaars gehandhaaf om toegang tot die sakewêreld te verkry. Tweedens het die grondslag vir ekonomiese mag en gevolglike sake-ontwikkeling van Afrikaners in die suide beslag gekry voor die bestaan van die AB. Selfs na die stigting van die AB in die noorde, het dit redelik lank geduur voordat die sakemanne uit die suide by die organisasie aangesluit het. Die suidelike "sakebroederskap" was nie afhanklik van die AB om ondernemings te stig nie. Die AB en sy strukture is nietemin later gebruik om hul sakebelange te bevorder, net soos die assosiasie met Engelse gebruik is. Sakelui uit die suide het steeds afwysend gebly teenoor die koöperatiewe benadering van die AB en die noordelike sake-inisiatiewe.

Die derde oorweging is dat die benadering van Afrikaners in die suide tot besigheid steeds was dat dit winsgedrewe moes wees binne die kapitalistiese ekonomiese stelsel met die ondernemer as dryfkrag. Hoewel hulle nie onsimpatiek teenoor die welsyn en sosiale behoeftes van mede-Afrikaners was nie, het hul benadering tot die oplossing van sulke behoeftes op 'n ander vlak gelê. Afrikaanse sakemanne uit

66 **Ibid**: AB2/3/13 Uitvoerende Raad-notule, 8-9 Mei 1947.

die Kaap het uit die staanspoor hulle behoefte om met ander gemeenskappe in Suid-Afrika saam te werk, verklaar. Dit was duidelik uit professor Schumann se argumente, asook dié van dr. Anton Rupert by die tweede ekonomiese kongres in 1950.[67] Die algehele ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika was die oorheersende doel van hulle betrokkenheid in die ekonomie en nie net as deel van 'n beweging om die belange van Afrikaners alleen te bevorder nie.

Die inisiatiewe van SANLAM en FVB, heelwat later, om beheermaatskappye vir gediversifiseerde konglomerate, mynmaatskappye en gespesialiseerde bankinrigtings tot stand te bring, moet gesien word teen die agtergrond van pogings om hul oorkoepelende doelwitte te verwesenslik. Bestaande ondernemings onder SANLAM en FVB se beheer moes óf gerig wees op suksesvolle mededinging in die kompeterende sakeomgewing van Suid-Afrika, óf dit sou nie kon beantwoord aan die eise wat SANLAM en FVB aan opkomende sakeondernemings gestel het nie. Gedurende die ontwikkelingsjare van die eerste Afrikaanse sakeondernemings het Volkskas, byvoorbeeld, nie die besigheidsbenadering van die opkomende suidelike sakeleiers gedeel nie. Daarom het FVB in 1950 oorgegaan tot die stigting van die Federale Trustbank (later bekend as Trustbank) as kompetisie vir Volkskas. Die doel was om daardie soort krediet wat sakeondernemings nodig gehad het om te groei, te verskaf. Die oorkoepelende mikpunt was die groei van besighede waarby Afrikaanse ondernemings sou baat, maar wat ook tot die breë ekonomiese ontwikkeling sou bydra. Dit was die voorwaarde vir winsgewende Afrikaanse sakeondernemings.

Uiteindelik was dit geen verrassing nie dat **dié** siening dat ekonomiese ontwikkeling deur private onderneming as strategie vir vooruitgang en gesonde sosiale verhoudings, soos verteenwoordig deur die sakeleiers van die Afrikaner se ekonomiese beweging in die suide, ook die eerste tree tot Swart Ekonomiese Bemagtiging in Suid-Afrika gegee het. Hierdie aangeleentheid is die onderwerp vir 'n ander publikasie.[68] Die noukeurige ondersoek na vroeë Afrikaanse besigheidsinisiatiewe het 'n sakebenadering onder die Afrikaanse sakeleiers blootgelê wat die kiem ingehou het vir latere ekonomiese bemagtiging van ander segmente van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Ekonomiese bemagtiging is deur die besigheidslui uit die suide geïnterpreteer as 'n sakebegrip, nie 'n nasionalisties-gemotiveerde slagspreuk nie. Afrikaanse sakelui uit die suide het dus ekonomiese bemagtiging anders

67 Rupert was beïndruk deur die prestasies van Afrikaners sedert die 1939-kongres, maar het onmiddellik bygevoeg "dat dieselfde Afrikaners 'n Afrikaans-befondsde ontwikkelingskorporasie om nywerheidsontwikkeling in die swart gebiede te vestig, behoort te stig as teken van ons goeie bedoelings en opregte begeertes" (eie vertaling), **Verslag van die Tweede Ekonomiese Volkskongres**, Bloemfontein, 1950. p. 107.

68 G Verhoef: "'The invisible hand': The roots of black economic empowerment, Sankorp and societal change in South Africa, 1985-2000", **Journal for Contemporary History** 28(1), Junie 2003.

vertolk en toegepas as die noordelike sosialisties-georiënteerde welsynsbenadering van die koöperatiewe beweging. Hierdie verskil het die Afrikanersakeondernemings gedurende die vroeë jare, en veral gedurende die aanvanklike jare van Afrikanertoetrede tot die hoofstroom van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die veertigerjare, duidelik onderskei. Dit moes verwag word dat die sterk verbondenheid tot die vryemark ekonomiese stelsel, privaat inisiatief en die winsmotief in die toekoms invloed sou uitoefen op die sogenaamde homogeniteit van die Afrikaner se politieke beheer.